

# Donderdag 14 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 32:1-32

Fokusgedeelte: Genesis 32:28

## God verander Jakob na Israel

In Eksodus 32 lyk dit of Jakob deur welbedagte planne 'n stryd met sy broer Esau vermy, en tog raak hy betrokke in 'n ander worsteling wat hy nie kan ontkom nie. In die nag ontmoet 'n Man hom in sy alleenheid en worstel met hom tot dagbreek toe. Die Man is niemand anders nie as God Self wat aan Jakob verskyn – daarom dat Jakob, bewys van dié feit, later die plek Pniël noem, wat “aangesig van God” beteken.

Jakob se hele lewe tot hiertoe was een groot worsteling om die seën van God te verkry. Daarvoor het hy al voor sy geboorte met Esau gestoei, daarvoor het hy sy pa Isak bedrieg, en daarvoor worstel hy nou weer met God Self (vgl. Hos. 12:4-5). Selfs nadat die Man sy heup uit lit slaan, hou Jakob aan: “Ek sal U nie laat gaan nie, tensy dat U my seën.”

Voordat God vir Jakob seën, stel Hy egter 'n vraag aan hom: “Wat is jou naam?” Volgens Ou-Testamentiese gebruik was dit 'n beeld van oorgawe as jy vir 'n teenstander jou naam gegee het. God bring Jakob tot die punt van oorgawe: Jakob moet erken wie hy is. So antwoord hy dan: “Jakob.” Dit is sy naam, en dit beteken *Bedrieër*. In die naam lê Jakob se hele lewe opgesluit, 'n voortdurende worstelstryd en bedriegspel om God se seën te verkry.

Dán seën God hom deur sy naam te verander. Sy naam sal nie meer Jakob wees nie, maar Israel, want hy het met God en mense geworstel en oorwin. Jakob tree as oorwinnaar uit 'n geveg wat hy as't ware nie gewen het nie – sy mank heup moet hom daaraan herinner. En tog was hy 'n oorwinnaar! Hy was 'n oorwinnaar omdat hy God se seën ontvang het. Nie deur 'n bedrieëry nie, maar deur 'n eerlike erkenning van wie hy is. Nie uit verdienste nie, maar uit God se genade.

God bring ons op 'n punt om onself nederig voor Hom te stel. Eers as ons wegkyk van onself en oë vestig op God, dan kan ons van sy verbondseëninge geniet. Deur sy Gees bring God ons tot dié punt. Met die oë gevestig op Christus, wat by uitstek ter wille van ons met God geworstel en sy toorn gedra het, kan ons lewe en waarlik van God se seën geniet.

*Sing: Psalm 105-1:4-6*

*Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)*